



Die Kwêvoël

Hoërskool Brits

Uitgawe 6 - 2025



DIE SPAN WAT KAN!

MNR. FRIK BOOYSEN

Mnr. Frik Booysen is 'n energieke en toegewyde onderwyser vir Lewenswetenskappe, 'n vak waarvoor hy 'n oopregte passie het. Sy entoesiasme en liefde vir die natuurwetenskappe steek maklik oor na sy leerders, wat nie net kennis opdoen nie, maar ook 'n ware waardering vir die wêreld om hulle ontwikkel. Buite die klaskamer is hy 'n lojale ondersteuner van ons netbalspanne en was hy vir jare 'n afrigter wat met geduld en kundigheid sy spanne gelei het. Sy betrokkenheid by Hoërskool Brits strek verder as sport – as een van die hooforganiseerders van die jaarlikse Dassie- Sêr speel hy 'n deurslaggewende rol in die sukses van hierdie geliefde kultuurgeleentheid. Met sy passie, energie en toewyding is Mnr. Booysen 'n ware Britsie!



ME. GERDA MYBURGH

Me. Gerda Myburgh is 'n dinamiese en gerespekteerde opvoeder wat met passie en kundigheid die vak Besigheidsstudies by Hoërskool Brits aanbied. As vakhoof lei sy haar departement met toewyding en verseker dat leerders die beste moontlike opleiding ontvang. Haar sorgsame hart en organisasietalent het haar vir jare 'n geliefde koshuismoeder gemaak, waar sy 'n tuiste weg van die huis vir talle leerders geskep het. Sy speel ook 'n onmisbare rol in die reël van alle nodige inligting vir konsessieleerders, wat verseker dat elke leerder die ondersteuning kry wat hulle nodig het. Met haar sterk leierskap, onwrikbare toewyding en oopregte omgee-geaardheid, is Me. Myburgh 'n onskatbare aanwins vir Hoërskool Brits!



Vriende van Brits:

Rugby

Netbal

Meisieshokkie

OBARO

In lyn met die boer
Aligned with the farmer

Pick n Pay
Brits Mall

BRITS APTEEK
ARRIE NEL
APTEEKGROEP
012-252 3010

INTERHOËR: ATLETIEK

20 Februarie 2025

GOOI MIELIES!



**BRITS
FORD**

Brits het ongelooflik goed presteer by die B-bond Interhoër by Pilditch.

Die meisies het 'n algehele 4de plek behaal.

Die dogters is ook aangewys as die 3de beste worpespan van die dag.

Ashleigh Hiscock is aangewys as die beste junior worpe dogter van die dag.

Die sanggroep het 'n algehele derde plek vir die dag behaal.



Die volgende leerders het almal eerste plekke behaal:

Michael Knutsen: seuns o/19-Hoogspring met 'n hoogte van 1.85m.

Ashley Hiscock: meisies o/14-Diskus met 'n afstand van 29.30m.

Johnathan Smit: seuns o/16-Diskus met 'n afstand van 39.13m.

Wilance Bruwer: meisies o/17-Diskus met 'n afstand van 31.65m.

Christiaan Bruwer: seuns o/14-Spiesgooi met 'n afstand van 40.19m.

Jané Botha: meisies o/19-Spiesgooi met 'n afstand van 36.80m.

Tweede plekke:

Mieke Engelbrecht: meisies o/15 - 100m.

Christiaan Bruwer: seuns o/14 - 200m en 400m.

Katlego Mphamo: seuns o/14 - 100m-hekkies en 300m-hekkies.

Bella Engelbrecht: meisies o/16-Hoogspring.

Kayleigh Jansen: meisies o/14-Verspring.

Ashleigh Hiscock: meisies o/14-Gewigstoot.

Jané Botha: meisies o/19-Gewigstoot.

Wilance Bruwer: meisies o/17-Spiesgooi.

Derde plekke:

Amorey Stadler: meisies o/16 - 400m.

Tashnei Pretorius: meisies o.14 - 90m Hekkies

Heilice Engelbrecht: meisies o/14 – Korthekkies.

Elike du Plessis: meisies o/16 - 100m-hekkies en 400m-hekkies.

Estelle Neetling: meisies o/17 - Korthekkies.

Zian Oosthuizen: seuns o/17 - 400m-hekkies.

Lemar Enslin: seuns o/19 - 400m-hekkies.

Bradwin Fillis: seuns o/14-Hoogspring.



Josh Webb: seuns o/17-Hoogspring.

Luca Otto: seuns o/14 - Gewigstoot en Spiesgooi.

BRITSIES EN HUL DINGE

Baie sterkte aan die volgende Britsies wat, 28 Februarie en 1 Maart aan die NW-Schools swemgala in Potchefstroom deelneem.

Luca Otto
Wian du Plessis
Jandré du Plessis
WJ du Plessis
Leanette Fourie
Elrike Du Plessis
Ethan Moll
Charl Mostert



HOËRSKOOL BRITS
KOERSVAS NA DIE KRUM

Hoërskool Brits
se jaarlike

KNIPMESBRAAI
aangebied deur die Beheerliggaam

R350 p/p
(Geen leerders)
Kaartjies - skeleentjies

6 Maart 2025
17:00
Hoërskool Brits se sportgronde
Prys sluit 'n knipmes in
Eie koelerboks teen R200 'n boks
Kroeg beskikbaar
+ 40 skape gaan gebraai word


Wêreldbiddag
vir vroue

7 Maart 2025
Hoërskool Brits se skoolsaal
12:30

HOËRSKOOL BRITS
KOERSVAS NA DIE KRUM

Alle vroue/dogters
is welkom!

Spreker:
Ds. Luné Dorfling
(NG Kerk Vorentoe)



HOKKIE - ASTRO-PROJEK

Wil jy graag deel wees van die
Hoërskool Brits Astro-projek?
Vir meer inligting, kontak die skool
en vra vir me. Esmari van Zyl.



OUD-BRITSIES

"Eendag as ons groot is... van Dewald Wasserfall."
Onthou ek hoe ek en Wian Hoërskool Brits se nommer
1 liedjie op MK skole top 10 in 2013 aankondig...

Ons storie het begin as mnr. en mej. Groentjie in graad 8.
Pottie, soos wat almal hom genoem het, was net 'n vriend.
In Graad 10 (2011) het ons begin uitgaan en was in 2013
hoofseun en hoofmeisie van Hoërskool Brits.

Maandag, 24 Februarie 2025, 12 jaar ná skool, sit ons op die
gras in die vierkant, om ons 7de huweliksherdenking te vier,
saam met ons twee dogtertjies. Hier, waar alles begin het.
"Eendag as ons groot is", is nou!"

Hier het ons geleef. Hier het ons geleér. Geleer van vriendskap
en verhoudings. Ons het eienskappe geleer wat ons voorberei
het vir die "grootmenswêreld" soos uithouvermoë,
deursettingsvermoë, kreatiwiteit, outhouerlike, tydsbestuur,
pliggetrouwheid en volharding. Hier kon ons hokkie, landloop,
atletiek en revue in 'n sosiale geleentheid omskep.

Nou kyk ons nostalgie terug na die sêr-kompetisies en wonder hoekom ons nooit verstaan
het dat ons nie gewen het nie? Ons was dan definitief beter as die matrieks! Hoekom wen
hulle altyd?

Ons hoërskool vriende is steeds daar en deel van ons mylpale in die grootmenswêreld.
Baie van ons jaargroep se skoolvriendskappe het tot gelukkige huwelike en gesinne
ontwikkel. Ons oudste dogtertjie, Elinza, is vernoem na ons skoolvriendin, Elinza Mostert, wat
oorlede is aan kanker net 3 jaar ná skool. Sy was 'n besonderderse alles-saamdoen vriendin,
'n briljante sportvrou, wat jou letterlik en figuurlik opgetel het, wanneer jy val.

Ons sit en dink terug aan: die kaf se "chicken nuggets" met heeltemal te veel witsous,
juffrou Jane se "fudge" en MC Donalds ná 'n lang busrit Koster toe vir landloop (Brits het
nog nie 'n MC Donalds gehad nie).

Ons lag steeds oor onderwysers se sê-goed en wie hulle die beste kan namaak. Ons is
dankbaar vir die grondslag van ons menswees wat by Hoërskool Brits gelê is. Dankbaar vir
geleenthede om te kon ontwikkel op akademiese-, sport- en kultuurgebied.

Dit is steeds 'n pragskool en dit lyk amper of niks verander het nie, en tog is alles anders.
Dankie dat ons kon teruggaan op 'n reis na gister en weereens besef: Hoërskool Brits neem
ons Koersvas na die Kruin!!

Ons verlang na die tye wat lank verby is. Nou's ons groot en droom steeds van Eendag as
ons groot is...

[Ané Potgieter - Hoofmeisie 2013]

